

# **Gereformeerde Kerk Bellville – 14 Februarie 2016 – Oggend**

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)**

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskrif van Gods verborgenhede.  
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.  
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het  
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 107:1, 20 (p. 533)**

- 1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!  
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;  
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,  
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.
- 20 Maar God sal die veragte, / verarmde trou bewaak,  
vermeerder sy geslagte / wat Hy soos kuddes maak.  
Gods volk is bly daarom: / hul sien wat Hy gewerk het;  
maar boosaards staan verstom, / daar hul Gods mag bemerk het.

## **Geloofsbelydenis: Nicea**

Wet

## **Psalm 32:1 (p. 151)**

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.  
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.  
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde  
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Gebed

## **Skrifberyming 5-2:1, 3 (7:1, 3)**

- 1 Wie het gelowig hart en oor / geneig om na Gods Woord te hoor?  
Die arm van God, aan wie en waar / is dit in krag geopenbaar?  
Hy tog, die swakke loot, het uit / 'n dorsland voor Hom opgespruit,  
en prag of heerlikheid vir wie / Hom aansien, had die spruitjie nie.
- 3 Hy het die lyde op Hom geneem, / wat nou ons hart van Hom vervreem;  
en al die smarte wat ons pla, / het Hy gewilliglik gedra.  
Maar ons het in sy ongeluk / gesien die hand van God wat druk,  
wat, om sy lyde te verskerp, / Hom altyd dieper neer wou werp.

**Skriflesing: Jesaja 52:13-53:12**

**Kernverse: Jesaja 52:13-15**

**Kyk, my Kneg sal voorspoedig wees, Hy sal hoog en verhewe, ja, baie hoog word.**

**Soos baie hulle oor U verstom het – so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en sy gestalte was nie soos dié van ’n mensekind nie –**

**so sal Hy baie nasies laat opspring, konings sal hulle mond oor Hom toehou; want wat aan hulle nie vertel is nie, sien hulle; en wat hulle nie gehoor het nie, word hulle gewaar.**

(Jesaja 52:13-15 AFR53)

**Tema:** Die lydende Kneg van die Here

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons kom vanoggend by die vierde lied oor die Kneg van die Here. In die eerste lied het die Here self sy Kneg aan ons bekendgestel. In die tweede lied het die Kneg vir ons vertel dat die Here Hom aangestel het om vir mense van alle nasies te verkondig wat God se wil is. Verlede Sondag het ons in die derde lied gehoor hoe gewillig die Kneg is om God se wil uit te voer deur mense te verlos. In hierdie vierde lied – en ek is seker dat elkeen van ons in hierdie woorde gehoor en gesien het wat

met Jesus gebeur het – hoor ons die getuienis oor die verlossingswerk van die Kneg van die Here.

Hierdie vierde lied is in vyf dele verdeel. Die eerste deel is ons kernverse en dit is die inleiding wat ook ’n baie kort samevatting is van die hele lied. Dit waarvan in hierdie drie verse gesing word, word in die res van die lied uitgebrei. En in die vyf dele van die lied is daar drie sprekers aan die woord. Die drie sprekers is God self, dan mense wat tot die besef gekom het wat die Kneg van die Here eintlik gedoen het, en die derde spreker is die profeet Jesaja. In ons kernverse is dit die Here self wat vertel wat met sy Kneg sal gebeur. Die Here sê eers hoe sy Kneg verhoog sal word en eer ontvang. Dan vertel Hy kortliks watter vernedering sy Kneg sal beleef. En in die derde vers sê Hy hoe mense van alle volke sal reageer as hulle besef wat die Kneg eintlik kom doen het.

Ons begin luister na die getuienis in vers 14 waar die Here sê watter vernedering die Kneg sal beleef:

**Soos baie hulle oor U verstom het – so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en sy gestalte was nie soos dié van ’n mensekind nie.**

(Jesaja 52:14 AFR53)

Toe die Here deur sy profeet Jesaja begin verkondig het dat Hy die Israeliete na 70 jaar uit die ballingskap sou verlos en hulle na hulle eie land toe gaan terugbring, kon hulle dit nie glo nie (Jes 40 en verder). Verlossing uit die hande van ’n wêreldmoondheid, soos Babilonië en later Persië, was net buite hulle verwysingsraamwerk. Vir baie Israeliete het verlossing en terugkeer na hulle eie land na iets totaal onmoontliks gelyk. Hoe kan die Here die straf wat Hy oor sy volk vir hulle baie sondes gebring het, sommer net so ophef?

Net so het die verlossing deur die Kneg van die Here, deur Jesus Christus, vir baie mense gelyk na iets onmoontliks. In die tweede en derde deel van die lied, dit is Jesaja 53:1-6, is dit gelowiges, mense wat besef het wat die Kneg van die Here eintlik kom doen het, wat getuienis oor die Kneg se verlossingswerk gee.

Hulle begin hulle getuienis met ’n vraag.

**Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar?** (Jesaja 53:1 AFR53)

Hulle vra dit, want hulleself het dit aanvanklik nie geglo en raakgesien nie. Aan die begin was die Kneg iets wonderliks. Hier spruit 'n groen loot uit droë grond uit. Elke mens sou verstom daarna gekyk het. Dit lyk of hier tog lewe is waar almal gedink het alles is dood. So was Jesus se koms na hierdie wêreld ook gesien. Uit die Joodse volk het Jesus se pa en ma groot verwagtinge gehad. Hierdie Jesus is immers die Seun van God, wat sy volk van hulle sondes kom verlos. Johannes die Doper het self oor Jesus gesê:

**Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.**  
(Johannes 1:29 AFR53).

Selfs uit die heidene het daar mense gekom om hulde aan Hom te bewys, die wyse manne uit die Ooste. En toe Jesus begin preek het en wonders doen, het skares mense om Hom saamgedrom.

Tog het die Kneg van die Here nie na iemand besonders gelyk nie. Hy was nie so mooi soos Dawid nie. Hy het nie so 'n groot gestalte gehad soos Saul nie. Eintlik het Hy maar doodgewoon gelyk. So het Jesus ook maar doodgewoon vir baie mense gelyk. Dit was maar enkeles wat deur die ingewing van die Heilige Gees geweet het dat Hy regtig die Seun van God was. Maar hulle het dit net geweet omdat die Here dit aan hulle geopenbaar het. Ondanks die feit dat Jesus doodgewoon gelyk het, was daar tog baie mense wat Hom aan die begin gevolg het.

Die aanvanklike verwondering oor Jesus het egter verdwyn. Die leiers van die Joodse volk het Jesus verag omdat Hy die volk anders kom leer het as wat hulle al vir so lank geglo het. Die priesters het Jesus verag omdat Jesus met sondaars – die tollenaars en prostitute – gemeng het. En hoe meer teenkating Jesus beleef het, hoe minder mense was daar wat sy kant gekies het. Wie wil nou met iemand iets te doen hê wat nie “cool” is nie, nie gewild is by die leiers nie? En toe dit begin duidelik word dat die leiers van die volk daarop uit is om Jesus dood te maak, het ook die mense wat eers om Hom saamgedrom het, begin om weg te bly. Hulle wil nie met Hom geassosieer wees nie, want die leiers van die volk sê dan Hy is 'n moeilikheidmaker. Selfs Johannes die Doper het, toe hy in die tronk was, gewonder of Jesus regtig die Verlosser is (Luk 7:18-23).

En toe Jesus nog deur die hoëpriester Kajafas daarvan aangekla is dat Hy God gelaster het en die Jode sowel as die Romeinse soldate Jesus begin slaan en bespot het, was daar niemand meer oor rondom Jesus nie. Die Jode het immers geglo dat as iemand so swaar moet ly, dan is dit God wat ontevrede is met daardie persoon. God self is besig om Hom te slaan. Wie wil nou iets met iemand te doen hê wat in onguns by God is? Niemand nie.

Geliefdes, God het inderdaad sy Kneg geslaan. Dit is die Here wat sy eie Seun verbrysel het, maar nie omdat Hy dit verdien het nie. Die gelowige getuies sê dit self:

**Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.** (Jesaja 53:5 AFR53).

Hierdie getuies het besef dat die lyding wat die Kneg doelbewus aangedoen word, eintlik op hulle moes neerkom. Hulle het verdien om so geslaan en verniel te word soos wat met die Kneg gebeur het, maar die Kneg van die Here het in hulle plek die houe en gespot gedra.

Hierdie gedagte dat iets of iemand anders die straf in die plek van die mens dra, is nie nuut nie. Dit is immers wat nog in al die sondeoffers van Moses-hulle se tyd af gebeur het. 'n Dier is in die plek van die sondaar doodgemaak en geoffer. Hierdie gelowiges wat

getuienis gee, kom agter dat dieselfde beginsel ook met die Kneg aan die werk is. Hy offer Homself in hulle plek op. Jesus Christus het Homself gewillig in jou en my plek opgeoffer, broer, suster en kind. Die nuwe lewe saam met God waarin ek en jy mag deel deur die geloof, kry ons teen 'n baie hoë prys. Dit het Jesus gekos om verniel te word sodat my en jou stukkende ver-houding met God heelgemaak kon word.

Broers, susters en kinders, kan ek en jy vanoggend saam met hierdie gelowige getuies dieselfde getuig? Het ons al tot die besef gekom dat daar met Jesus ook oor ons gebaklei is, dat Hy gevloek en met spykers aan 'n kruis vasgeslaan is? Kinders, het julle al besef dat Jesus deur God geslaan en verbrysel is omdat jy ongehoorsaam is aan jou pa en ma? Broer en suster, ons wat getroud is, het ons al daaraan gedink dat Jesus noodlottig verwond is omdat ons soms in onvrede in ons huwelik lewe?

In die vierde deel van die lied, dit is Jesaja 53:7-9, hoor ons die getuienis van Jesaja. Toe Jesaja as profeet aangestel is, het hy met die heiligheid van God te doen gekry. Ons lees daarvan in Jesaja 6. Toe Jesaja besef hoe heilig God is, het hy dadelik bely dat hy 'n sondaar is. Hy kan nie in die teenwoordigheid van die Here wees nie. En die volk waarvan hy een is, is ook almal onrein en besmet met sonde. Oombliklik nadat Jesaja sy eie sondigheid bely het, het die Here hom verseker dat Hy hom reinig van al sy sondes. En as teken dat dit regtig so is, het 'n engel sy lippe met 'n brandende kool aangeraak. Maar wat van sy volks-genote? Hulle sondigheid is diepgewortel. Hoe sou God hulle ooit kan verskoon sonder om sy eie heiligheid prys te gee? Hoe kan die Here hulle straf ophef sonder dat mense sal dink dat God nie die hart het om die sonde te straf soos Hy self gesê het nie?

Jesaja sien nou self die antwoord, geliefdes. Die Kneg van die Here is gestraf oor die sondes van sy volk. Soos skape het die volk gedwaal. Elkeen het sy eie koers ingegaan, maar

die Kneg is soos 'n lam na die slagplek toe gelei. En die Kneg het nie gekla of gespartel om los te kom nie. Terwyl Jesus gely het en gestraf is, het niemand regtig besef wat aan die gebeur is nie. Die Joodse leiers was selftevrede, want nou was hulle van Jesus ontslae. Die Romeine het maar net opdragte van die goewerneur uitgevoer. Vir hulle was Jesus net nog een van die baie misdadigers wat hulle daagliks tereggestel het. Jesus se eie mense het nie besef dat Hy vir hulle en die hele wêreld se sondes daar aan die kruis hang nie.

Jesaja se getuienis is in hoofsaak dieselfde as die ander gelowiges se getuienis, maar dit neem ons verby die Kneg se dood tot by sy begrafnis. Al was Jesus nooit vals nie en al het Hy geen misdaad gepleeg nie, is Hy soos 'n misdadiger behandel. En daar eindig Jesaja se getuienis eers. Is dit nou hoe die Kneg van die Here se lewe moet eindig? Het Hy sy werk gedoen tot bevrediging van God self? Kan mense met so 'n einde van Jesus seker wees dat Hy regtig hulle skuld by God klaar betaal het?

Nee, broers, susters en kinders, as Jesus se lewe in die graf geëindig het, sou niemand ooit seker kon wees dat Jesus regtig vir mense se skuld betaal het nie. Maar die Here los ons ook nie in onsekerheid oor sy Kneg en die verlossingswerk nie. In die vyfde en laaste deel van die lied word die antwoord vir ons gegee. Eers is dit weer Jesaja wat aan die woord is. Die dood wat Jesus in die plek van sondaars gesterf het, het God tevrede gestel. God het sy stempel van goedkeuring daarop geplaas toe Hy Jesus uit die dood opgewek het. Deur die skuldoffer wat Jesus betaal het, het die wil van die Here sy doel bereik. Jesus se dood is genoegsame betaling vir al die sondes van die hele menslike geslag. Maar anders as enige ander skuldoffer wat ooit gebring is, het die Kneg nie opgehou om te lewe nie. Na sy bitter lyding het Hy weer die lig gesien.

Jesus se verlossingswerk van sonaarmense gaan na sy opstanding uit die dood voort. Deur sy Heilige Gees bring Hy mense tot die besef dat Hy vir hulle sondes aan die kruis gesterf het. Die Heilige Gees werk in hulle die geloof om verseker te weet en te vertrou dat Jesus ook vir hulle verlos het. So maak Jesus baie mense regverdig nadat Hy weer lewendig geword het. Hy bring mense steeds in die regte verhouding met God. En wanneer hulle in die regte verhouding met die Here is, lei hulle 'n lewe van uitbundige blydschap. Nooit, nooit sal hulle hierdie verskriklike lyding en dood hoef te beleef wat Jesus beleef het nie. Nooit sal hulle oor hulle sondes gestraf word soos wat met Jesus gebeur het nie, want Jesus het dit in hulle plek gedra. Daarom bid hulle aanhoudend dat die Heilige Gees hulle sal lei om reg te lewe sodat God ook met hulle lewe tevrede sal wees.

Maar dit is nie net hulle wat bid nie. Die Here sê self in ons kernverse:

**Kyk, my Kneg sal voorspoedig wees, Hy sal hoog en verhewe, ja, baie hoog word.** (Jesaja 52:13 AFR53),

en aan die einde van die lied sê Hy:

**Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes.** (Jesaja 53:12 AFR53)

Omdat God heeltemal tevrede is met die verlossingswerk wat Jesus gedoen het, het Hy hom nie net opgewek uit die dood nie, maar Hom verhoog tot in die hemel langs Hom. En daar bid Jesus vir oortreders. Daar bid Jesus vir jou en my en eis Hy dat God ons ons skulde sal vergewe omdat Hy ook ons sondes op Hom geneem het.

Broers, susters en kinders, kan elkeen van ons saam met hierdie gelowige getuies uit volle bors dit uitjubel: Ek het God se wet oortree, en Jesus het Homself vir my opgeoffer? As jy dit saam kan uitjubel, dan sal die nagmaal oor twee weke nie net nog 'n nagmaal wees omdat ons in die ritme gekom het om elke drie maande nagmaal te vier nie. Dan sal hierdie nagmaal vir jou en my werklik 'n feesdag wees. Ek en jy onthou dat Jesus ons regtig verlos het. En wanneer ons hierdie belydenis uitjubel en uitleef, wys ons vir ander die regte pad aan. Dan gebruik die Here ons lewe van getuienis om nog nasies van verbasing te laat opspring en konings sprakeloos te laat oor die groot genade wat Hy in Jesus aan ons bewys het. Die verlossingswerk waarvan ons sing in die vierde lied is vir alle oortreders bedoel.

Al wat hulle moet doen, is om te erken dat hulle oortreders is.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 5-2:8, 9, 10 (7:8, 9, 10)

- 8 Het eers sy offerbloed gevloei, / dan sal vir Hom 'n nakroos bloei,  
en eeu-omvattend bring sy hand / Gods werk voorspoediglik tot stand.  
Hy sal, vir al sy sielsverdriet, / sy werk aanskou en vol geniet,  
en deur sy suiwer kennislig / regverdig maak en vryheid stig.
- 9 Dan kom 'n leërskaar hierna / vir wie Hy al die skuld wou dra;  
en aan Hom word mét grotes mee, / mét magtiges 'n deel gegee,  
omdat sy siel in lydensnood / vol uitgestort is in die dood,  
en Hy, deur smaadheid diep gekwel, / by die oortreders is gestel.
- 10 Hy het gedra die sondelas / wat op sy hart gebonde was,  
en het – 'n lydenswonder dit! – / vir hul behoudenis gebid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

### **Katkisasieopening**

Psalm 1:1 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,  
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;  
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.

**Ds Coen Vrey**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**14 Februarie 2016**